## DEEL 3: GRAMMATIKA

### VRAAG 1

Pas die klanke in blok A by die korrekte fonetiese transkripsies in blok B Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte transkripsie neer, byvoorbeeld 1 1 [e] (10)

| A | B |
|---|---|
| 1 1 <tj> soos in tjek | [v] |
| 1 2 <v> soos in vra | [oe] |
| 1 3 <w> soos in water | [u] |
| 1 4 <u> soos in stut | [tʃ] |
| 1 5 <oe> soos in soet | [f] |

### VRAAG 2

Wat is die betekenis van die volgende prefikse (voorvoegsels)? Jou opsies is (4)

*teen, sleg/nie, baie oud, sleg*

2 1 *mis-* (*mis*daad, *mis*stap)
2 2 *anti-* (*anti*rookveldtog)
2 3 *on-* (*on*geluk)
2 4 *oer-* (*oer*woud)

### VRAAG 3

Voorsien die volgende sinne van die nodige hoofletters en leestekens waar nodig

3 1 koop asseblief appels pere en lemoene (3)

3 2 sandra het gesê ek sal dit koop (4)

### VRAAG 4

4 1 Wat is die **voorwerp** in die volgende sin? (2)

Piet gooi die bal oor die muur

4 2 Wat is die **onderwerp** in die volgende sin? (2)

Martin het die kos in die asblik gegooi

**[BLAAI OM]**

